



Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND

Tel: 021-8548592

E-pos:

adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2026-08-28

Liewe Ouers

LOSLITDAG: VRYDAG 4 SEPTEMBER

Ons wil graag hierdie jaar weer die Loslitdag-projek ondersteun. Die fondse wat ons insamel sal aan Rusthof Skool vir leerders met Spesiale Onderwysbehoefte in die Strand gaan. Die tema hierdie jaar is "BEAT AS ONE" As daar kreatiewe ouers is wat die tema verder wil neem en hulle kleuters daarvolgens wil aantrek, is hulle welkom! Die plakkers se kostes beloop R20 en moet voor-af op die D6 toepassing inbetaal word, asb. Alle gelde moet asb. **voor of op Dinsdag 1 September** betaal wees sodat hulle die korrekte hoeveelheid plakkers kan verskaf. Kom ons ondersteun hulle, asb.



AFRIKAANS 101: SPRINGMIELIES en SUPERSTERRE

Ons wil dit weereens duidelik maak dat elke kleuter AL DRIE die aande die konsert MOET bywoon. Die Maandagaand se kleedrepetisie is uiters belangrik, want dit is wanneer die enkel foto's van die kleuters geneem word. Op die ander twee konsertaande word daar by die een aande 'n opname gemaak en op die ander aande word daar aksiefoto's geneem. Ons doen 'n vriendelike beroep dat ouers (wat veral in Grabouw woon) mekaar sal help met vervoer. Daar word geweldig baie moeite gedoen om elke kleuter die geleentheid te gee om op te tree tot die beste van sy/haar vermoë. Ondersteun ons asb.

Kaartjieverkope kan by die meegaande skakel gedoen word:

<https://www.quicket.co.za/events/382440-afrikaans-101-springmielies-supersterre#/>

Let wel: Daar is enkele plekke beskikbaar. Bespreek jou plek so spoedig moontlik!

Kaartjies gaan by die deure geskandeer word.

PIZZA- en KOELDRANK VERKOPE

Kleuters word die twee aande van die konsert reeds om 18:00 by die skool afgelaai (meer inligting in die volgende nuusbriëf omtrent die aflaai-proses). Ouers is welkom om vooraf 'n pizza en koeldrank te bestel en rustig te eet voor die konsert om 19:00 begin. Kleuters moet klaar geëet wees wanneer hulle afgelaai word. Moet asb nie vir hulle pizza bestel nie. Hulle word in daardie uur aangetrek en reggemaak vir die konsert. Die kostuums is 'n groot uitgawe en ons wil nie dat hulle mors daarop nie, asb. Geen uitsonderings sal gemaak word nie.

Bestellings kan by hierdie skakels geplaas word:

Pizza Bestellings - **DINSDAG** - 15 September 2026

<https://forms.gle/b8zLLxUyJ9Yetm9g9>

Pizza Bestellings - **DONDERDAG** - 17 September 2026

<https://forms.gle/9MCfXoDBrTf3y8Jg8>

Die bestellings kan op die D6-toepassing of per EFT betaal word.

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir die week is:

Ons persepsies is:

KORING en BROOD

Getal: **1 - 8**

Klank: **Hersien o, a, d, g, j, i, r, n, m, l, k, h, b, f, p, v en w**

Assessering:

Groepering (tot by 8)

Herken getalsimbole (1 - 8)

Herken getalname (een - ag)

Probleemoplossing

Rymwoorde

Klankherkenning

Lettervorming

Skryfrigting

Potloodgreep en -beheer

Skêrhantering

Menstekening

Maandag 31 Augustus: ***Juffrou Maritha (hoof van Klein Lochieland) verjaar. Baie geluk!***

Dinsdag 1 September: ***Trek iets vrolik en kleurvol aan om die lente te verwelkom***

Woensdag 2 September: **Ons skep 'n voëlverskrikker prent**

Donderdag 3 September: **Ons oefen almal om 08:00 saam in die saal: Wees betyds, asb.**

Vrydag 4 September: **Ons proe verskillende soorte brode**

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir die week is:

Ons persepsies is:

LENTE

Getal: **7**

Klank: **h-klank**

Kleur: **Pienk**

Vorm: **Ster**

Maandag	31 Augustus:	<i>Juffrou Maritha (hoof van Klein Lochieland) verjaar. Baie geluk!</i>
Dinsdag	1 September:	<i>Trek iets vrolik en kleurvol aan om die lente te verwelkom</i>
Woensdag	2 September:	Ons teken 'n lentetuin
Donderdag	3 September:	Ons oefen almal om 08:00 saam in die saal: Wees betyds, asb.
Vrydag	4 September:	Ons oefen almal om 08:00 saam in die saal: Wees betyds, asb. Bak-en-Brou: 'n Blommetjie

Geniet die naweek

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel